SA waterbulletin

ISSN 0 248-2244 VOLUME 14 NR 1 FEBRUARIE/MAART 1988

WATERSUIWERING
Unieke proses in SA ontwikkel

WATER MANAGEMENT
New report spells out Department's policy

WEATHER MODIFICATION
Clouds studied from Carolina

recently published recently published recently published recently published recently published

Wastewater treatment and pollution control

by KA Murray

A comprehensive study of wastewater treatment and pollution control in South Africa.

This book will be of assistance to all persons who are concerned with the disposal of sewage and industrial wastes and the prevention of pollution of the water environment.

CONTENTS

Historical Introduction/History of Sewage Purification Methods from 1986 onwards/Historical Development of Sewage Disposal Methods in South Africa/Chemical and Bacteriological Aspects of Sewage and Sewage Purification Processes-Treatment /South African Organizations Dealing with Wastewater Problems/Overseas Organizations/South African Contribution to the Developing Field of Wastewater Purification/Problems Encountered in the Mining Industry in South Africa in Relation to Sewage Disposal/Practical Aspects of Wastewater Treatment and Pollution Control in South Africa/Water Rights/Provincial and Local Authorities: Responsibilities and Authority/Discharge of Purified Effluents into Watercourses/Analytical Methods/River Water Usage: Adverse Effects Caused by Sewage Effluent, Industrial Seepage, Runoff and Atmospheric Discharge/The Hierarchical Use of Water in South Africa: Portents for the Future/Control of Pollution from Industrial Effluents/Major Water-using Industries/Disposal of Solid, Toxic and Hazardous Wastes/Marine Pipelines for Disposal of Sewage and Intractable Industrial Wastes/The Use of Land for the Disposal of Intractable or Poor Quality Effluents/Treatments of Sewage and Disposal of Effluent from Small Communities, Caravan Parks, Seaside Resorts, Hostels, etc./Water Boards and their Functions.

Price R30,00 incl.
Order now by returning the enclosed Book Order card in this Bulletin

AN EXCELLENT REFERENCE WORK FOR YOUR LIBRARY.

WRC

Clouds over the Transvaal Highveld. The new weather modification radar site at Carolina will enable researchers to study clouds over a wider area. See report on page 14.

SA waterbulletin

VOLUME 14 NR 1
FEBRUARIE/MAART 1988

inhoud

SA Waterbulletin is a two-monthly magazine on water and water research published by the South African Water Research Commission (WRC), a statutory organization established in 1971 by Act of Parliament.

Subscription is free. Material in this publication does not necessarily reflect the considered opinions of the members of the WRC, and may be copied with acknowledgement of source.

Editorial offices: WRC, P O Box 824, Pretoria 0001, Republic of South Africa. Tel (012) 28-5461.

Editor	: Jan du Plessis
Asst Editor	: Ilse Lombard
Ed. Secretary	: Rina Human
Typesetting	: Heer Printing Co
Colour separations	: Litho Technik
Typography and design	: Nicola van Nikkelen Kuyper
Printing	: Creda Press Cape Town

SA Waterbulletin is 'n tweemaandelikse tydskrif oor water en waternavorsing wat uitgegee word deur die Suid-Afrikaanse Waternavorsingskommissie (WNK), 'n statutêre organisasie wat in 1971 by Wet gestig is.

Intekening is gratis. Stof in dié publikasie weerspieël nie noodwendig die oorwoë menings van lede van die WNK nie, en mag hergebruik word met erkenning van die bron.

Redaksie: WNK, Posbus 824, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika. Tel (012) 28-5461.

Redakteur	: Jan du Plessis
Asst-redakteur	: Ilse Lombard
Red. sekretaresse	: Rina Human
Setwerk	: Heer Drukkers
Kleurskeidings	: Litho Technik
Tipografie en uitleg	: Nicola van Nikkelen Kuyper
Drukwerk	: Creda Press, Kaapstad





WNK

WNK finansier talle nuwe projekte



Die Waternavorsingskommissie het op sy jongste vergadering in Pretoria 87 nuwe voorstelle vir navorsingsprojekte oorweeg en altesaam 44 van dié projekte ter waarde van meer as R3,5 miljoen is goedgekeur vir finansiële ondersteuning in 1988. Op die gebied van rioolwatersuiwering is agt nuwe projekte goedgekeur, terwyl in die werksvelde oppervlakhidrologie en besproeiingsnavorsing elk ses projekte goedgekeur is en ten opsigte van watergehalte vyf. Die ander projekte handel oor navorsing op die gebiede van nywerheidswater (4), grondwater, ontsouting en droë verkoeling (elk 3), weermodifikasie (2), versouting (2) en hidrometeorologie en waterbesparing elkeen een.

Die onderwerp, doelstellings en kontraktante van die reeds goedgekeurde navorsingsvoorstelle is as volg:

DIE ONTWIKKELING VAN 'N HANDLEIDING VIR GEBRUIK MET DIE REKENAAR-PROGRAMME VIR DIE ONTWERP VAN BESPROEIINGSTELSELS – MURRAY, BIESENBACH EN BADENHORST (MBB)

MBB het in 'n voorafgaande WNK-projek rekenaarprogramme ontwikkel wat vir die ontwerp van sprinkel-, drup- of mikrospuitbesproeiingstelsels gebruik kan word. Om die gebruik van hierdie programme te bevorder het die Kommissie in oorleg met MBB besluit om dit te kommersialiseer. Alvorens egter tot 'n bemarkingsaksie oorgegaan kan word, moet die pakket afgerond word deur 'n handleiding te ontwikkel wat gebruikers in staat sal stel om die programme oordeelkundig te gebruik.

THE INVESTIGATION OF THE HYDROLOGICAL RESPONSE TO THIRD WORLD SETTLEMENTS IN PERI-URBAN AREAS OF NATAL/KWAZULU – THE UNIVERSITY OF ZULULAND

Extensive peri-urban areas surrounding the large metropolitan areas in South Africa are experiencing a rapidly increasing population density. These settlements are affecting the environment for example through denudation and degradation of the vegetation. These changes will in turn affect the hydrological response and could lead to increased pollution of the water resources in such areas. There is a need to determine the influence of these settlements on the hydrology and to

develop appropriate management strategies for their control.

DIE ONTWIKKELING VAN 'N STELSELMODEL VIR DIE MGENI-OPVANG-GEBIED – UNIVERSITEIT VAN NATAL

'n Behoefte bestaan tans om die Mgeni-rivierstelsel te simuleer. Om dié simulering te kan doen, beide wat die kwaliteit en kwantiteit van die water betref, moet 'n toepaslike stelselmodel ontwikkel word.

Die Departement van Landbouingenieurswese aan die Universiteit van Natal is 'n geruime tyd al besig met die ontwikkeling van 'n hidrologiese model wat klaarblyklik aangepas en vir die Mgeni-stelsel gebruik kan word. Die werk sal ook die ontwikkeling van 'n ni-verspreide, seltipe reënval-afloopmodel, wat sensitief is vir veranderings in landgebruik, insluit.

HYDROLOGICAL MODELLING STUDIES IN THE EASTERN CAPE – RHODES UNIVERSITY

The supply of water to the Lower Fish irrigation scheme and Grahamstown has necessitated the establishment of new research catchments in a semi-arid region of South Arica. This is due to the fact that the Department of Water Affairs is constructing an off-channel storage reservoir in the present research catchments which effectively ends the possibility of the continued research in that area.

The new catchments, called the Bedford catchments, were specifically chosen to provide data which is typical of semi-arid areas of South Africa.

The objectives of the project are the establishment of the new catchments and the quantification of the physical characteristics (such as soils, topography and land-use) of the area; to investigate methods of improving hydrological models, by moving towards more physically-based approaches but without neglecting the later application needs of such models and to improve the model drainage components, especially from the root zone to the deeper sub-surface regions of the soil.

DIE ONTWIKKELING VAN 'N MODEL OM VLOEI VAN ALLUVIALE RIVIERE TE SIMULEER – BRUINETTE, KRUGER EN STOFFBERG

Dié rekenaarmodel sal help om die effek van vloede op rivierstelsels asook die ontwikkeling van waterbronne en die afvoer van sediment in riviere te bepaal.

RECONSTRUCTION OF THE CLIMATIC HISTORY OF THE LAST 2 000 YEARS IN THE SUMMER RAINFALL REGION OF SOUTHERN AFRICA – THE SOUTH AFRICAN MUSEUM, CAPE TOWN

In order to improve the existing knowledge of the annual variability of rainfall, several attempts have been made in South Africa and abroad, to relate annual rainfall to tree rings (dendrochronology) from trees that are several hundred years old. These attempts have had limited success.

A new approach is being pioneered by the South African Museum involving the study of the relationship between annual rainfall and many other characteristics of wood anatomy that have been shown to be far more sensitive to variation in rainfall. The wood anatomy approach is therefore complementary to dendrochronology and the objective of the proposed research programme is to investigate the potential of wood anatomy analysis. It therefore takes the nature of an initial feasibility study for a relatively new concept that may well have far-reaching benefits.

GEOHIDROLOGIESE ONDERSOEK EN EVALUASIE VAN DIE ZOELOELAND KUSAKWIFEER – WNNR

Die Zoeloelandse kusvlakte is die mees uitgestrekte kusakwifeer langs die Suid-Afrikaanse kus. Hierdie gebied kan, vanuit 'n geohidrologiese oogpunt, beskou word as 'n uitgestrekte, grootliks



onbenutte en onbekende primêre akwifeer wat deel uitmaak van'n delikate ekosisteem langs die Noord-Natalse kus. Verskeie binnelandse mere, byvoorbeeld St Lucia, Kosi en Sibayi, vorm deel van hierdie ekosisteem. Groot uitbreiding en stedelike ontwikkeling van die groeipunt rondom Richardsbaai oor die afgelope ongeveer een dekade vind plaas in die opvanggebied van die Mzingazimeer wat uiteindelik besoedeling en ook vermindering van aanvulling van die meer tot gevolg kan hê. In die gebied ten noorde van Sibayimeer word tans ondersoeke gedoen na die moontlikheid van grootskaalse rysverbouing wat ook besoedelingsgevare vir die meersisteme in die gebied inhou. Die mate waartoe die uitgebreide bosbouplantasies wat in groot dele van die kusvlakte aangeplant is, die waterbalans van die kusvlakte (byvoorbeeld deur evapotranspirasie en invloed op die aanvulling) beïnvloed, is grootliks onbekend. Daar is dus groot leemtes in die huidige stand van kennis aangaande die geohidrologiese en verwante eienskappe van die kusvlakte en die uitwerking wat enige verandering van die grondwatertoestande op die binnelandse mere en die ekosisteem as geheel sal kan hê.

Die navorsingsprogram sal hierdie basiese tekort aan inligting verminder en antwoorde verskaf wat vir die toekomstige beplanning en ontwikkeling van die gebied noodsaaklik is.

PRECIPITATION OF AIRFLOW IN CUMULUS CLOUDS – CSIR

The project is designed to use the capabilities of the CSIR's triple doppler radar system for establishing the relationship between:

- ☐ the spatial distribution of precipitation within clouds and the internal airflow patterns of the clouds,
- ☐ the surface precipitation (rain and hail) patterns and the three dimensional air flow in clouds, and
- ☐ the rainfall intensities as measured by rain gauges and the reflectivity recorded by radar.

THE DEVELOPMENT OF TECHNIQUES FOR THE EVALUATION AND EFFECTIVE MANAGEMENT OF SURFACE AND GROUND-WATER CONTAMINATION IN THE ORANGE FREE STATE GOLD FIELDS – UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE (UOFS)

The aims of the research programme will include the following:

- ☐ Determine the source of possible pollutants to the ground-water regime.
- ☐ Quantify the contribution of the different sources.
- ☐ Study the migration rate of pollutants through the aquifers.
- ☐ Determine chemical alterations to the pollutants while on surface and in the aquifer.
- ☐ Model local and regional movement of pollutants through the aquifer and predict future water qualities.
- ☐ Enter information into the ground-water data base.
- ☐ Suggest management strategies whereby the influence of disposal can be minimized.

DIE BEVORDERING VAN DIE NASIONALE GRONDWATER-DATABASIS – UOVS

Die Instituut vir Grondwaterstudies (IGS) aan die UOVS het in die tydperk 1984 tot 1987 die basiese struktuur vir 'n Nasionale Grondwaterdatabasis kragtens 'n WNK-kontrak ontwikkel. Dié databasis is op die hoofraamrekenaar van die Departement van Waterwese geplaas. Dié nuwe projek sal gemik wees op die ontwikkeling van 'n tegnologie-oordragprogram vir potensiële gebruikers van die databasis.

TECHNOLOGY TRANSFER OF ACTIVATED SLUDGE AND WATER CHEMISTRY RESEARCH – THE UNIVERSITY OF CAPE TOWN

The project will be aimed at the production of a number of technology transfer information documents and publications for the water and waste water treatment industry.

NAVORSING OOR DIE TAKSERING VAN WATERKWALITEITS-PROBLEME AS GEVOLG VAN MIKROBIESE GROEI IN DRINKWATERVER-SPREIDINGSTELSELS – WNNR

Ten spyte van die voldoende ontsmetting van water, kan dit gebeur dat sekere mikro-organismes in die waterverspreidingstelsels versamel deur die vorming van biofilms (slymlae).

Die doel van hierdie projek is om, eerstens, 'n literatuuroorsig te onderneem oor die probleme in verband met watergehalte wat verband hou met biofilms. Daar sal spesiaal verwys word na potensiële patogeenorganismes en organismes wat reuke en smake gee. Tweedens sal 'n ondersoek geloods word na die omvang en aard van waterkwaliteitsprobleme wat verband hou met mikrobiese groei in Suid-Afrikaanse verspreidingstelsels vir drinkwater.

RESEARCH ON PELLETISATION IN UPFLOW ANAEROBIC SLUDGE BED (UASB) SYSTEMS – THE UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Recent developments have focussed attention on the use of anaerobic digestion, particularly the UASB system, for the treatment of concentrated organic wastes. Treatment of certain of these wastes by the UASB process has stimulated "pelletisation" of the sludge which permits much higher volumetric loading rates than conventional completely mixed digesters, in the order of 5 to 7 times higher.

The principle objectives of this project will be:

- ☐ To check on the validity of the hypothesis on pellitisation by experimentally operating UASB systems with different wastes.
- ☐ To formulate models for pH control and calcium carbonate, metal sulphides and struvite precipitation in both completely mixed and UASB systems.
- ☐ To set up kinetic models for the process.
- ☐ To optimise the UASB system and develop operational and control strategies.

NAVORSING OOR DIE UITWERKING VAN BIOKORROSIE IN WATERSTELSELS – WNNR

Verliese as gevolg van biokorrosie kos die Suid-Afrikaanse nywerheid jaarliks groot bedrae geld. Dit gaan hier nie net om materiaal wat van tyd tot tyd vervang moet word nie, maar om die groot hoeveelheid chemiese middels (biosiedes) wat vir die beheer van die biologiese werking gebruik word.

Die doel van die projek is om die voorkoms en aard van die mikro-organismes en veral die sulfaat reduserende bakterieë in sekere stelsels (soos koeltorings) te bepaal.

Dit is bekend dat bakterieë hulle by die omgewing kan aanpas en daarom is 'n verdere belangrike doelstelling om die langtermyneffek van biosiedes op die bakterieë te ondersoek. Aangesien watergehalte ook 'n belangrike rol in biokorrosie speel, sal sekere aspekte in dié verband ook ondersoek word.

RESEARCH ON THE CHEMICAL AUGMENTATION OF BIOLOGICAL PHOSPHATE REMOVAL – THE CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG

The first objective of this research project is to investigate and optimise phosphate precipitation from supernatant liquor from anaerobic digesters at various Johannesburg nutrient removal plants. Coupled with this is an investigation into the phenomenon of the apparent immobility of tightly bound intracellular phosphate, which, due to its bound nature, could lessen phosphate release during anaerobic digestion.

The second objective of the project is to investigate combined chemical/biological phosphate removal to address the problem of achieving consistent biological phosphate removal to within the 1 mg/l level required.

RESEARCH OF PHOSPHATE FIXATION IN WASTE WATERS BY MEANS OF CONTROLLED STRUVITE FORMATION – CSIR

Researchers are to investigate the feasibility of immobilising dissolved ortho-phosphate in the phosphate-rich mixed liquor within a biological nutrient removing activated sludge plant and also in the supernatant liquor arising during anaerobic digestion of phosphate-rich sludge produced in biological nutrient removal plants.

PREPARATION OF GUIDELINES ON COST-EFFECTIVENESS OF RURAL WATER SUPPLY AND SANITATION PROJECTS – CSIR

The objectives of this project are to develop guidelines on how to maximize the cost-effectiveness of rural water supply schemes; to develop procedures for quantitatively determining the objectives of rural development projects; to develop procedures and norms for evaluating achievements and providing guidelines for future projects which will avoid past mistakes and increase the probability of success of future projects.

The guidelines that will be the end product of these investigations are not intended to prescribe to the organisations involved with rural development or to reduce their autonomy, but to provide a basis for objective self evaluation and improvement and by so doing to contribute to the overall development of rural areas in Southern Africa.

PREPARATION OF ENGINEERING DESIGN GUIDELINES FOR ARTIFICIAL WETLANDS FOR WASTEWATER TREATMENT – CSIR AND SVIRIDOV, DE WAAL AND ASSOCIATES

Research work will be direc towards the following:

- ☐ To evaluate the use of artificial wetlands as an alternative waste water treatment technology under South African conditions.
- ☐ To conduct comparative economic appraisals to assess the reliability of artificial wetlands for various applications, and
- ☐ to prepare engineering design guidelines for the construction and use of wetland systems in South Africa.

NAVORSING OOR DIE VERWYDERING VAN KOLLOÏDE DEUR KOAGULASIE EN FLOKKULASIE UIT OLIESINTESE-AFVAL-WATER – UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die sintese van olie en brandstof uit steenkool is essensieel om in Suid-Afrika se energiebehoeftes te voorsien, maar gaan ook gepaard met die gebruik van enorme hoeveelhede water wat, as gevolg van die sintese, organiese s as anorganiese afvalprodukte in die prosesafvalwater vrystel.

Ondersoek sal ingestel word na die gebruik van koagulante waarvan die vlokke wat vorm, kan dien as 'n adsorbent vir die verwydering van organiese materiaal. Daar

sal ook ondersoek ingestel word na die presiese aard van besoedelingstowwe sodat die beste proseskonfigurasie voorgestel kan word vir die verbeterde suiwering van afvalwater en hergebruiktoepassingsmoontlikhede waardeur watergebruiksbesparings teweeg gebring kan word.

ONTWERPKRITERIA VIR KRUISVLOEI-MIKROFILTRASIE (KMF) – UNIVERSITEIT VAN NATAL

Om die toepasbaarheid van KMF vir die behandeling van 'n spesifieke uitvloeisel vas te stel is uitgebreide proefskaaleksperimente nodig. Van drie tot ses maande loodsskaalstudies is nodig om ontwerpkriteria vir volskaalse toepassing te ontwikkel. Om hierdie lang looptyd te verminder en om 'n beter begrip van die proses te verkry, is 'n begin gemaak met die ontwikkeling van wiskundige modelle. Die voordeel van hierdie benadering is dat dit sal lei tot verbeterde ontwerp van kruisvloeimikrofiltrasiesisteme, groter vertroue in die proses tot gevolg sal hê en die beheer van multistadium aanlegte aansienlik sal vergemaklik.

Samehangend met die ontwikkeling van wiskundige modelle is daar sekere ontwikkelingsaspekte wat ook aandag sal kry soos

- die ontwikkeling van semipermanente membrane
- optimale voorafbedekkingsmetodes
- die ontwikkeling van materiaalondersteuningsisteme en die behandeling van olierige uitvloeisels
- hidrouliese vloeitoestande vir die skoonmaak van buise
- spuitstukontwerp om buisverstoppings te voorkom.

Bogenoemde aspekte sal ondersoek en toegepas word op papierfabrieke se masjien "swart"-water, anaerobies-werkende rioolslyk en leerlooieryuitvloeisels.

OORDRAG VAN AFVALWATERBESTUUR-TEGNOLOGIE AAN DIE VLEISPROSES-SERINGSNYWERHEID – BINNIE & VENNOTE

Die Waternavorsingskommissie het gedurende die afgelope drie jaar 'n projek ondersteun wat daarop gemik was om indringend ondersoek in te stel na die afvalwaterbestuur in die vleisprosesseringsnywerheid.

Langtermyn loodsskaalondersoeke het bevestig dat tru-osmose suksesvol aangewend kan word om abattoir-uitvloeisels sodanig te suiwer dat dit in sekere dele van die abattoir hergebruik kan word. Die proses toon ook potensiaal vir die produksie van 'n proteienryke neweproduk wat in die vervaardiging van dierevoedsel gebruik kan word.

Met dié projek sal gepoog word om die gaping tussen die loodsskaalstudies en die kommersiële toepassing van die proses te oorbrug.

RESEARCH ON SOLIDS-LIQUID SEPARATION IN BIOLOGICAL SYSTEMS – UNIVERSITY OF CAPE TOWN

An experimental programme will be conducted to study solids/liquid separation in both aerobic and anaerobic systems.

DIE ONTWATERING VAN SAAMPERSBARE FILTERKOEKE – UNIVERSITEIT VAN NATAL

Filterperse word algemeen gebruik vir die ontwatering van riool-, waterwerke- en nywerheidslyke. Ten einde die filtreerbaarheid van die slyke te verbeter, word polielektroliete of ander hulpmiddels bygevoeg wat sommige slyke saampersbaar maak. Die spesifieke weerstand van die filterkoeke en voginhoud is 'n funksie van druk. Die gebrek aan geskikte metodes om spesifieke filterkoekweerstand as 'n funksie van druk te bepaal noodsaak dat tydrowende eksperimente op 'n werkende aanleg gedoen moet word.

Met dié navorsing sal probeer word om metodes te ontwikkel vir die bepaling van spesifieke filterkoekweerstand sodat die gedrag van 'n filter voorspel kan word, die effek en dosis van poliëlektroliet of ander hulpmiddels akkuraat bepaal kan word en die vereiste filteroppervlak betroubaar bereken kan word.

DIE ONTWIKKELING VAN 'N GOEDKOOP ULTRAFILTRASIE-MODULE – BINTECH

Ultrafiltrasie is een van die groep drukaangedrewe membraanprosesse waaronder tru-osmose en mikrofiltrasie ook val. Tru-osmose maak gebruik van baie digte membrane wat in staat is om opgeloste soute onder hoë druk uit water te "filtreer". Ultrafiltrasiemembrane is minder dig en kan dus nie soute verwyder nie, maar wel opgeloste en kolloïdale organiese verbindings, insluitend bakterieë en virusse. Dit is dus 'n uiters geskikte proses vir die suiwering van uitvloeisels wat baie organiese materiaal bevat soos uitvloeisels van die voedselbedryf.

Die tegnologie vir die vervaardiging van ultrafiltrasiemembrane van poli-etersulfoon is reeds deur die Universiteit van Stellenbosch onder 'n Kommissiekontrak ontwikkel. (Die tipe membraan vorm die ondersteuningsmembraan vir saamgestelde tru-osmosemembrane). Die ultrafiltrasiemembrane kan in dieselfde module as truosmosemembrane gebruik word. Die modules is egter ontwerp om die hoë druk van tru-osmose te weerstaan en is derhalwe relatief duur. Ultrafiltrasie werk onder heelwat laer drukke sodat die ondersteuningsmodule dus baie eenvoudiger en goedkoper kan wees. Die ontwikkeling van goedkoop modules sal die toepassingsmoontlikhede van die proses baie vergroot en dus lei tot suiwering van sekere uitvloeisels tot 'n hoër gehalte.

NAVORSING OOR 'N GEKOMBINEERDE FLOTTASIE-POEIER-KOOLSTOFPROSES VIR DRINKWATER-BEHANDELING – WNNR

Die voorkoms van oormatige algegroei in baie van ons oppervlakte waterbronne veroorsaak probleme tydens die behandeling van die water.

Opgeloste-lugflottasie is 'n effektiewe proses om hierdie alge te verwyder aangesien dit van die alge se natuurlike dryfeienskappe gebruik maak om effektiewe skeiding te verseker.

Flottasie het egter geen effek op die verwydering van verbindings wat reuke en smake veroorsaak nie en is net gedeeltelik suksesvol vir die verwydering van materiaal waaruit gechloreerde verbindings gevorm word. Hierdie verbindings word effektief deur aktiewekoolstof-filtrasie verwyder. Die proses is egter baie duur en dus word alternatiewe prosesse soos die gebruik van poeierkoolstof ondersoek.

DIE ONTWIKKELING VAN TEGNOLOGIE VIR TRU-OSMOSE MET KRISTAL-GROEIKERNE (TOK) – DIE KAMER VAN MYNWESE, YSKOR EN BINTECH

Sekere tipes waters is baie moeilik om met bestaande tegnieke te ontsout. Dit is veral water wat hoë konsentrasies skaalvormende soute soos kalsiumsulfaat bevat, wat probleme veroorsaak. Ondergrondse mynwater in sekere gebiede val in hierdie kategorie van "moeilike" water en die Kommissie en Kamer van Mynwese werk dan ook reeds oor die afgelope aantal jare saam om geskikte tegnologieë te ontwikkel vir ontsouting van mynwater.

Een van die prosesse wat baie belofte toon, is 'n spesiale truosmosestelsel waardeur kristalgroeikerne gesirkuleer word om sodoende skaalvorming op die membrane te voorkom.

NAVORSING OOR DIE KONSENTRASIE VAN UITVLOEISELS MET VERSEËLDE-SEL ELEKTRODIALISE – WNNR

Elektrodialise is 'n elektries-gedrewe membraanproses vir die ontsouting van water en uitvloeisels. Een variasie van die proses naamlik elektrodialise met omkeerbare polariteit word reeds op volskaal in Suid-Afrika toegepas vir die ontsouting van sekere tipes uitvloeisels. 'n Ander variasie van die proses kan gebruik word vir die sogenaamde elektro-osmotiese pomp van sure, basisse en soute. Op dié manier kan sekere tipes uitvloeisels tot baie hoë kon-

sentrasies gekonsentreer word wat dan herwinning van die sure, basisse of soute moontlik maak, of die finale wegdoening van so 'n konsentraat vergemaklik.

Die verseëlde-sel proses maak gebruik van 'n nuwe konsep naamlik 'n verseëlde-sel membraankonfigurasie wat die konsentrering van uitvloeisels tot hoë vlakke moontlik maak.

In hierdie projek sal die doeltreffendheid en die beperkings van die proses op 'n verskeidenheid uitvloeisels bepaal word.

'N VERGELYKENDE STUDIE VAN CHLOORDIOKSIED EN ANDER OKSIDANTE IN DRINKWATER-BEHANDELING – WNNR, DIE WES-TRANSVAALSE STREEKSWATER-MAATSKAPPY EN FLOCCOTAN

Die gebruik van chloor vir ontsmetting van water kan aanleiding gee tot die vorming van gechloreerde verbindings waarvan sommiges moontlik gesondheidseffekte kan hê. Dit is dus wenslik dat die vorming van hierdie verbindings so veel as moontlik beperk word, of dat die gevormde verbindings uit die water verwyder word. Die gebruik van chloordioksied as ontsmettingsmiddel in plaas van chloor kan die probleme tot 'n groot mate voorkom. Dit is dus wenslik dat die tegniese en kostedoeltreffendheid van chloordioksied as alternatiewe ontsmettingsmiddel ondersoek word.

RESEARCH ON MAXIMIZING IRRIGATION PROJECT EFFICIENCY IN DIFFERENT SOIL-CLIMATE-IRRIGATION SITUATIONS – UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

The preliminary activities of this project will include the acquisition of crop, cultivar, irrigation system and soils data on selected irrigation projects or schemes. A wide range of appropriate, newly-developed methods will be used in a mathematical model to assess the suitability and efficiency of existing production systems from the point of view of effective water utilisation. The correction of serious deficiencies and various improvements to systems will be recommended. Optimal irrigation schedules at project and farm level will be determined within the constraints of available water supplies. To facilitate overall irrigation scheme management, irrigation scheduling models will be integrated with models for water supply and distribution. Although the basic models have already been developed, they will have to be adapted for different situations, and considerable on-farm calibration will be necessary to account for microclimate and soil variations.

NAVORSING OOR OPGARING EN BENUTTING VAN REËNWATER IN GROND VIR DIE STABILISERING VAN PLANTPRODUKSIE IN HALFDROË GEBIEDE – UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Daar bestaan min gegewens oor die maksimale hoeveelhede van reënwater wat deur verskillende grondbewerkings- en benuttingspraktyke in die grond opgegaar en daarna verbruik kan word. Omdat hierdie gegewens ontbreek, is daar ook min kwantitatiewe inligting oor die potentsiële vermindering van afloop en van aanvulling van oppervlaktewaterbronne as gevolg van sodanige praktyke. Verder is dit nie bekend tot watter mate die stabilisering van plantproduksie in halfdroë gebiede, gekoppel aan die maksimale opgaring en benutting van reënwater in grond, die druk op die gebruik van oppervlaktewaterbronne vir voedsel- en veselproduksie kan help verlig nie. Laastens is dit nie duidelik watter wyses van grondbenutting en grondvogbestuur die hoogste doeltreffendheid van verbruik van opgegaarde reënwater in halfdroë gebiede sal verseker nie.

Derhalwe is dit belangrik dat navorsing onderneem word om die impak van verskillende grondbewerkings- en benuttingspraktyke op die grondwaterbalans in die wortelsone te bestudeer, en hieruit die praktyke wat die mees effektiewe opgaring van reënwater teweegbring, uit te ken.

NAVORSING OOR FAKTORE WAT DIE WATERVERBRUIKS-DOELTREFFENDHEID VAN BESPROEIINGS-GEWASSE BEÏNVLOED MET SPESIALE VERWYSING NA DIE FISIOLOGIESE REAKSIES VAN DIE GEWASSE – UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Gewasopbrengs word grootliks bepaal deur die fisiologiese gedrag van die plant ten opsigte van water, voeding en omgewingstoestande by verskillende groeistadia, waarvan sommige meer gevoelig vir vogstremming is as ander. Beter begrip van fisiologiese reaksies bly dus nodig vir optimale toepassing van besproeiingkriteria.

Met dié projek sal navorsers uit die resultate van onlangse verwante navorsing, hipoteses formuleer wat plantfisiologies getoets, verfyn en verantwoord kan word.

RESEARCH ON EVALUATION OF MOISTURE STRESS IN CROPS BY MEANS OF REMOTE CONTROL AERIAL SURVEILLANCE – UNIVERSITY OF THE NORTH

Researchers at the University plan to develop the use of remote-controlled aircraft as an inexpensive remote sensing platform, thereby placing remote sensing at the disposal of a wide range of investigators, consultants and even farmers who might otherwise not be able to benefit from its use. The other main aim of the project is to develop the use of onboard instrumentation (infrared thermometer, colour and infrared video cameras) for quantifying spatial variation of crop water stress and other water-related crop variables of importance in irrigation agriculture.

RESEARCH ON THE QUANTIFICATION OF THE EFFECTS OF LAND USE AND RUNOFF QUALITY IN SELECTED CATCHMENTS IN NATAL – CSIR

The aims of this project are:

- ☐ To characterise and compare runoff water quality and annual loads from different types of land use, with particular reference to important land uses in the Mgeni catchment.
- ☐ To synthesize the data collected into a suitable form for inclusion into the proposed Mgeni catchment water quantity-quality model to be developed by the University of Natal.
- ☐ To investigate the need to set up a longer term monitoring programme on one or more selected catchments with specific land uses in order to assess spatical, temporal and development effects on water quality.

THE DEVELOPMENT AND TESTING OF DATALOGGING EQUIPMENT FOR THE MONITORING OF WATER CONSUMPTION PATTERNS – CSIR

This project will be aimed at the following:

- ☐ To develop in collaboration with local industry a lowcost eventdriven datalogger capable of recording the times at which events occur and the values of event parameters.
- ☐ To evaluate the performance of the datalogger as a suitable device for monitoring water consumption patterns and test the concepts on which the design of the datalogger is based.
- ☐ To develop applications where the datalogger may be usefully deployed to gain information on the performance and operation of water distribution systems.
- ☐ To investigate the local development of a suitable pressure sensor for measuring water pressure in pipes.

WATERSUIWERING –



Die gekonsentreerde biomassa word afgeskep en deur 'n sif gegiet.

UP ONTWIKKEL UNIEKE PROSES

Die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria het 'n unieke proses ontwikkel om water wat met organiese afvalmateriaal besoedel is, te suiwer. Terselfdertyd word 'n bruikbare proteïenproduk uit die afval geproduseer.

Prof W A Pretorius van die Departement Chemiese Ingenieurswese en hoof van die Afdeling Waterbenuttingsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, sê die primêre doel van die eksperiment was om nywerheidsuitvloeisels wat so besoedel is dat dit nie na die riviere kan terugvloei nie en in verdampingspanne geberg moet word, te suiwer. Die proses, waarmee die water voldoende gesuiwer kan word vir hergebruik, berus op die metode van dinamiese seleksie. 'n Geskikte mikrobiese kultuur wat aan bepaalde vereistes voldoen word deur middel van 'n kruisvloeimikrosiftegniek geselekteer. Die organisme teer op die organiese afvalmateriaal en verwyder dit so uit die water. Daarna word die organismes as enkelselproteïen (ESP) geoes.

Volgens prof Pretorius sal die ESP wat in hierdie geval bestaan uit 'n fungus, moontlik as proteïentoevoeging in veevoere gebruik kan word. Die proteïen kan aan veevoermaatskappye verkoop word. In plaas daarvan dat 'n maatskappy dus geld moet spandeer om besoedelde water in verdampingspanne te berg, kan 'n goeie inkomste daaruit verkry word.

In dié eksperiment by UP is 'n monokultuur van Geotrichum candidum geselek- . Dié fungus, wat ook op sekere kase voorkom, het 'n gemiddelde ruproteïeninhoud van 50,2 persent en is reeds deur verskeie navorsers in die buiteland as 'n geskikte mikro-organisme vir die produksie van proteïen uit afvalwater voorgestel. 'n Navorser, Dabrowski, het in 1980 bevind dat Geotrichum candidum 50 persent van die vismeel in reënboogforelle se dieet kan vervang.

Twee belangrike faktore wat tot die produksiekoste van enkelselproteïen bydra is aseptiese bedryfstoestande en herwinning van die biomassa uit die gesuiwerde uitvloeisel. Daar is by die Universiteit van Pretoria in die ontwikkeling van die proses gepoog om bogenoemde probleme te oorkom deur die seleksie van 'n maklik oesbare organisme onder nie-aseptiese bedryfstoestande.

UP

'n Digte fungus mat vorm op die sif en dit kan maklik van die sif gelig en in 'n koek gevorm word.

SELEKSIE

Omdat daar in die natuur 'n dinamiese ekologiese ewewig heers, kan sekere lede bo ander bevoordeel word deur seleksiedruk op 'n gegewe gemengde populasie uit te oefen. Die nywerheidsuitvloeisel is ingeënt met 'n mengselkultuur wat uit rioolwater verkry is. Deur gebruik te maak van die grootte van die mikro-organismes is 'n mikrosif as selekteerder benut. Die minimum hidrouliese retensietyd van die stelsel is so gekies dat die groeivermoë van die mikro-organismes kleiner as die maasopeninge van die sif, oorskry is, en hulle dus uit die stelsel gewas het. Slegs die mikro-organismes groter as die maasopeninge van die sif, kan hulle in die stelsel handhaaf. By 'n neutrale pH en 'n hidrouliese retensietyd van een uur bestaan die geselekteerde populasie uit twee lede naamlik 'n fungus Geotrichum candidum, en 'n bakterie Acinetobacter calcoaceticus wat daarop vassit. As die pH verlaag word groei slegs die fungus. Onder hierdie omstandighede is dit dus nie nodig om duur aseptiese groeitoestande deur middel van sterilisasie te skep ten einde 'n monokultuur te handhaaf nie.

OESMETODE

Primêre skeiding word deur natuurlike flotasie verkry. Die gekonsentreerde biomassa word afgeskep en deur 'n sif gegiet. 'n Digte fungus mat vorm op die sif en dit kan maklik van die sif gelig en in 'n koek gevorm word. Tot 96 persent van die



UP

'n Elektronmikroskoopfoto van 'n monokultuur van Geotrichum candidum.

intersellulêre water kan op hierdie wyse verwyder word. Die enkelselproteïen word by 60 °C gedroog en het dan 'n aantreklike voorkoms en 'n aangename geur. Die proteïen het 'n gebalanseerde aminosuursamestelling en vergelyk gunstig met ander tipes proteïen soos sojaboon- en vismeel.

Prof Pretorius sê dat die proses in die nabye toekoms deur nywerhede soos SASOL aangewend mag word maar dat daar beoog word om dit ook vir rioolsuiwering te gebruik.

SASOL

By SASOL word oerkoolstof onder andere gebruik om brandstof te vervaardig. Een van die neweprodukte van die proses is wateroplosbare vetsure. Hierdie stroom word tans saam met ander afvalstrome aan biologiese reiniging onderwerp. Twintig miljoen liters water word daagliks hiervoor gebruik en is dan so besoedel dat dit in panne gelaat word om te verdamp.

Dié uitvloeisel by SASOL is uit 'n watersuiweringsoogpunt baie geskik vir hierdie spesifieke metode:



UP

Suiwering van die nywerheidsuitvloeisel deur 'n digte kultuur van Geotrichum candidum. Die sif dien as skeidingsorganisme tussen die kultuur en die uitvloeisel en 'n helder uitvloeisel word verkry.



UP

Mev A Kühn, lektrise by die Afdeling Waterbenuttingsingenieurswese aan UP, by die reaktor waarin die nywerheidsuitvloeisel gesuiwer word.



UP

Primêre skeiding word deur natuurlike flottasie verkry.

- ☐ Die water is steriel omdat dié prosesse teen 'n baie hoë temperatuur plaasvind. Daar is dus by die aanvang van die watersuiweringsproses geen mikro-organismes in die water teenwoordig nie.
- ☐ Die water se pH vlak is redelik laag wat ook voorkom dat mikro-organismes van buite in die water sal kan oorleef.
- ☐ Die afvalwater het 'n konstante samestelling omdat dit van 'n sintetiese proses afkomstig is.
- ☐ SASOL se fabrieke is van die grootstes in die land en produseer ongeveer 75 000 ton afvalwater per jaar. Hieruit kan nagenoeg 30 000 ton biomassa geproduseer word wat beteken dat 15 000 ton proteïene per jaar uit dié proses verkry kan word. Die inkomste uit hierdie bron kan beteken dat wat eers 'n uitgawe van miljoene rande beloop het, nou 'n goeie inkomste vir SASOL en ander nywerhede wat hierdie watersuiweringsproses gebruik, kan meebring.

'n Loodsaanleg is tans in die beplanningsfase en indien suksesvol, kan dit moontlik lei tot die oprigting van 'n grootskaalse aanleg. Nadat die water op dié manier gesuiwer is, kan dit geskik wees vir hergebruik of kan dit weer na die riviere terugvloei.

Prof Pretorius voorsien dat die dinamiese seleksiemetode vir 'n verskeidenheid probleemuitvloeisels 'n oplossing kan bied soos byvoorbeeld uitvloeisels by melkerye en suikernywerhede.

Clouds studied from Carolina

It has been obvious, since the beginning of the rain augmentation research at Nelspruit more than 5 years ago, that the present radar site at the Nelspruit airport is far from ideal. Because of the surrounding terrain, the lowest possible scan is tilted at 3 degrees to the horizon and even at this elevation, the beam is partially blocked by high terrain through more than 25 percent of its azimuth scan.

This means that at 60 km from the radar, the beam is slicing through space 4 km above sea level, a long way above the cloud bases from which the rain is falling.

It was clear that the radar should be relocated. The next problem was choice of a new site. The ideal radar site would consist of a slight depression on an infinite flat plain, an ideal never achieved in nature. However, the closest approach to this ideal would obviously be found on the Highveld. A second important consideration was: If a successful rain augmentation technology was to be developed, where would it first be used? To seek the answer to this question, the Department of Water Affairs is being consulted. In the meantime all indications are that preparatory investigations and response to limited cloud seeding with dry ice should be carried out over the Highveld regions to the west of Nelspruit, in the vicinity of the headwater catchments of the Vaal, Usutu and Komati Rivers. It is here that many of the interbasin water schemes are located.

A search for a new radar site commenced from the town of Carolina, which is perched almost on top of the continental divide, which separates the South African rivers that drain into the Indian Ocean from those that flow into the Atlantic. Several sites were examined including an offer from SAPPI to locate the radar on one of their forestry properties. Eventually a site at the Carolina airport was chosen as the best compromise between an ideal site and the logistical problems of supplying power and communications.

The radar at the new site will be able to achieve a low level scan of 1 to 1,5 degrees. Radar crews will be flown from Nelspruit using the cloud base aircraft. This aircraft will then operate out of Carolina for the rest of the day. The Learjet will be launched and recovered from Nelspruit, since the runway at Carolina is too rough for the Learjet (a grass strip).

From Carolina, the radar will be able to look back at many of the clouds forming over the areas studied from Nelspruit as well as looking at the clouds forming over the Standerton-Bethal-Ermelo areas of the Highveld. The critical questions (from a rain augmentation point of view) concerning the similarities between the clouds over the new study region to those over the Lowveld should soon be answered!

– Graeme K Mather

Management of the WATER RESOURCES of the Republic of SOUTH AFRICA



Department of Water Affairs

1986

NEW BOOK SPELLS OUT SOUTH AFRICA'S FFICIAL WATER POLICY

The definitive publication for all water practitioners

An extensively illustrated, attractive 500 page colour publication entitled MANAGEMENT OF THE WATER RESOURCES OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA has recently been released by the Department of Water Affairs (DWA).

It contains a comprehensive statement on the water policy of the DWA and the reasoning behind it. The approach in this publication is in line with a world-wide trend over the past few decades to recognize the importance of effectively managing water resources.

South Africa is for the most part a semi-arid, water-deficient region of the world subject to variable rainfall, droughts, floods and high evaporation losses. Annual rainfall amounts to only 58 per cent of the world average, runoff is distributed unfavourably, the availability of underground water is limited and the quality of water sources is deteriorating.

In general the cost of providing water in most of South Africa is high compared with other countries. This is largely due to the greater storage capacity required on South African rivers to achieve equivalent yields. The cost will rise in the future owing to the greater distances that water will have to be transported to areas of increasing demand. The available water has to be shared to the best joint advantage between several countries, geographic regions and user groups, thereby requiring effective use of water at all times rather than indiscriminate and possibly wasteful use. Accordingly, the publication spells out who the users are, what the known resources are, what the effect of each type of use is on the quantity and quality available, and how changing circumstances are likely to influence availability and costs in the future.

The aim of this document is therefore to alert and sensitize water managers, scientists and consumers to the opportuni- and limitations associated with water use in South Africa.

The publication outlines the influence of climatic and topographic conditions on water availability and the evolution of water use in South Africa. The publication also describes present and expected demand by the main classes of water users. It highlights the difficulties in predicting future local, regional and total water use owing to changing trends in population growth, urbanization, and standards of living, while also detailing principles of scarce resource allocation. It covers appropriate approaches to supplying the consumptive and non-consumptive demands of towns and industry, power generation, mining, irrigation, stock-watering, aquaculture, recreation, nature conservation, forestry and the environment, illustrating each with tables and graphs of estimated demand for each sector from 1980 to the year 2010.

In detailing the availability of water, it describes the sources, quantities and qualities of surface, underground and unconventional supplies on a local to international scale, and the difficulties in assessing them accurately. It covers joint use by the RSA and other countries and the effect of changing land use on water availability, providing estima of surface water supplies, ground-water, effluent re unconventional sources (such as desalination, rainfall stimulation and icebergs) and the possibility of importation. It also illustrates factors influencing water quality such as salinity and eutrophication and details measures to exercise control over the pollution and reuse of water.

Rapid urbanization and industrial development is currently taking place in areas where adequate supplies of water are in short supply. In describing development plans to reconcile demand and supply, the publication deals with major drainage basin development plans and individual means of supplying the major metropolitan-industrial areas and decentralisation and growth points.

